



## **EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**

Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: [www.ecdoe.gov.za](http://www.ecdoe.gov.za)

## **2023 NSC CHIEF MARKER'S REPORT**

<b>SUBJECT</b>	<b>AFRIKAANS HL</b>		
<b>QUESTION PAPER</b>	1		
<b>DURATION OF QUESTION PAPER</b>	2h		
<b>PROVINCE</b>	<b>EASTERN CAPE</b>		
<b>DATES OF MARKING</b>	<b>07/12/2023 – 17/12/2023</b>		

### **SECTION 1: (General overview of Learners Performance in the question paper as a whole)**

The question paper was fairly received by the 4 565 candidates of the Eastern Cape. The reading texts were interesting and within the scope of a grade 12 learner.

The comprehension questions did not cause major upsets; however, they did struggle with the way in which questions were formulated. The learners probably performed better than those of 2022. The comprehension question (Question 1) was answered average.

The summary question (Question 2) was answered moderately to well.

Language in context (i.e. grammar):

Questions 3 and 4 were answered more or less the same than in 2022, below average while Question 5 was answered extremely poorly. All in all, we are concerned about the candidates' performances in Q3 to Q5.

The sample of a 100 scripts presented the following averages:

Question 1: 55,1%

Question 2: 73, 7%

Question 3: 53%

Question 4: 53,3%

Question 5: 21,1%

The average percentage for these scripts were **52,2%**

## **SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions**

<b>QUESTION 1</b>
<p><b>(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?</b></p> <p>Die kandidate het oor die algemeen gemiddeld in die begripstoets presteer. Stapelvrae is minder as in die verlede en is daarom makliker beantwoord wat verblydend is. Daar is aansienlik meer kandidate wat Vlakke 6 en selfs 7 kon behaal. Die gemiddeld vir vraag 1 is waarskynlik hoër as in 2022.</p>
<p><b>(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.</b></p> <p>Weens gebrekkige leesvermoë het kandidate oor die algemeen gesukkel om vrae te beantwoord wanneer heelwat leeswerk vereis word. Kandidate sukkel ook met idiomatiese taalgebruik en geïmpliseerde taalgebruik. (Vraag 1.6 en 1.8)</p> <p>Kandidate sukkel om inligting te herorganiseer en boonop afleidings ook te moet maak. (Vraag 1.2, 1.3, die derde en vierde feit op die nasienriglyn van 1.7)</p> <p>Kandidate is onkant gevang deur 1.1 en 1.2 omdat hulle tradisioneel besonder maklike vrae verwag.</p> <p>Kandidate sukkel om die formulering van die vraag te snap en effektief te beantwoord. (1.2)</p> <p>Kandidate antwoord dikwels generies en koppel nie die antwoorde aan die teks nie. (1.2.1 – tweede deel, 1.3, 1.11)</p> <p>Die betekenis van die woorde "binne konteks" word nie altyd verstaan nie en moet aan leerders verduidelik word.</p> <p>Te veel kandidate wil egter slegs d.m.v. aanhalings beantwoord omdat hulle nie afleidings kan maak nie.</p> <p>Leerders moet besef dat vroeër waarin "dink jy?" voorkom nie noodwendig 'n persoonlik opinie vereis nie, maar steeds teksgebonde moet wees. (1.13)</p> <p>Kandidate sukkel steeds met verbandlegging. (1.14)</p> <p>Te veel kandidate maak van kolpunte gebruik by vroeër wat meer as twee punte tel en penaliseer hulself dikwels in die proses aangesien daar slegs een punt per kolpunt toegeken kan word. (1.4, 1.6 en 1.7)</p>

<b>(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning</b>
<p>Moenie die onderrig van begripstoetse afskeep nie. Leer die leerders dat wanneer woorde soos "afsonderlik", "onderskeidelik", "ironie", in die vraagstelling voorkom, hulle na BEIDE KANTE van 'n saak moet verwys vir 1 punt.</p> <p>Gee hulle minstens 1 begripstoets per kwartaal. Gebruik vorige NSS-vraestelle en werk saam</p>

met die leerders deur die vraestel. Leer hulle ook om na die puntetoekennings te kyk en daarvolgens te antwoord.

Interne vraestelle moet 'n sterk ooreenkoms toon met eindvraestelle van DBE – NSS.

Leerders moet afgeraai word om kolpunte te gebruik. Leerders moet vrae meer kernagtig beantwoord en 'n lang aanloop tot die kern vermy.

Onderrig leerders in KTB-begrippe, bv. geïmpliseerde boodskap/betekenis, geloofwaardig, lewer kommentaar, e.a.

Maak leerders gewoond aan moeilike vraagstelling.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Leerders se algemene versorging (netheid, leesbaarheid van handskrif, die volg van instruksies, soos ooplaat van 'n reël tussen antwoorde) het steeds aandag nodig. Die belangrikheid van die lees van instruksies moet beklemtoon word.

Elke vraag MOET op 'n nuwe bladsy begin word.

Onderwysers moet hulle vergewis van die inhoud van die KABV-dokument. Let daarop dat 'n vraestel een 4-punt vraag (gewoonlik vlak 1), drie 3-punt vrae, vyf 2-punt vrae en sewe 1-punt vrae moet bevat.

Onderwysers moet kandidate daarop wys dat hulle eerder volsinne moet gebruik as woorde/sinsnedes om begripsvrae te beantwoord tensy woorde/sinsnedes vereis word.

**QUESTION 2**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Oor die algemeen het die kandidate die vraag goed beantwoord. Baie kandidate het volpunte behaal. Gelukkig het kandidate ook minder van direkte aanhalings gebruik gemaak.

**(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Kandidate het dikwels ander wenke genoem wat nie op die nasienriglyn ingesluit is nie.

Kandidate sukkel steeds om in volsinne te skryf: die onderwerp word dikwels uitgelaat/die gesegde is onvoltooid.

Sommige kandidate dink steeds dat telegramstyl aanvaarbaar is.

Kandidate weet nie altyd hoe om 'n wenk te formuleer nie.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Oefen ten minste een opsomming per kwartaal. Daar is genoeg vorige departementele vraestelle wat gebruik kan word. Onderrig leerders in die formulering van volsinne. Wys leerders ook op die verskil tussen die infinitiewe vorm en 'n gesegde. Fokus op die verskil tussen wenke en stellings.

Wys leerders daarop dat hulle eerder bevelsinne as stelsinnes moet gebruik indien hulle wenke

moet aandui.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Leerders moet in volsinne skryf. Laat die leerders kernwoorde in opsommings identifiseer en in volsinne oorskryf. Wys leerders daarop dat "eie woorde" dieselfde woorde as die aanhaling kan hê met slegs 1 woordverandering.

Wys leerders daarop dat hulle nie te veel tyd moet spandeer aan oordrewe beplannings vir die opsomming nie aangesien dit kan veroorsaak dat kandidate nie die vraestel in die toegelate tyd voltooi nie.

Die metode van puntetoekenning moet aan leerders bekend gemaak word.

Hulle moet antwoorde in die teks soek en nie eie menings gee nie.

**QUESTION 3**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Kandidate het nie hierdie vraag goed beantwoord nie. Leerders se vermoë om advertensietaal te interpreteer is glad nie na wense nie.

**(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

KTB – "Kritiese Taalbewustheid" is steeds moeilik vir die meerderheid kandidate. Kandidate het dikwels die vraagstelling moeilik gevind.

Leerders ken nie die verskil tussen "woordgebruik" en "tegnieke/maniere" om aandag te trek nie.

Die vraag oor die teikengroep (3.6) was uiters ongewoon en daarom het leerders daarmee gesukkel.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Leerders moet blootgestel word aan meer advertensie-oefeninge. Bl. 24 in die KABV, "Interpretasie van visuele tekste", moet bestudeer word.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Leerders moet aan 'n verskeidenheid visuele tekste blootgestel word. Neem die Eksamenvrae, 2021, in ag wanneer u taal-in-konteks-vrae opstel.

Wys kandidate daarop dat, wanneer 'n homoniem gevra word, die kandidaat nie die antwoord in die vorm van 'n samestelling of meervoud kan aanbied nie.

**QUESTION 4****(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Leerders het swak gevaaar.

**(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Die KTB-vrae bly 'n groot bron van kommer. Omdat leerders nie kan aanhaal uit die strokie nie, sukkel hulle om hul interpretasies te verwoord.

Die strokiesprent was redelik klein gedruk en daarom was dit nie moontlik om duidelike gesigsuitdrukkings te identifseer nie. (4.6)

Leerders verstaan nie wat humor beteken nie.

Leerders se kennis van bysinne en sinsoorte is beperk. (4.3 en 4.7)

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Gebruik 'n verskeidenheid strokies van verskillende bronne sodat leerders blootgestel kan word aan tipiese KTB-vrae. Stel vrae op volgens die eksamenriglyne, 2021.

Wys leerders op die verskille tussen generiese antwoorde en konteksgebonde antwoorde.

(4.5)

Wys leerders op die verskil tussen voegwoorde "want" en "omdat" (sinsleer – 4.3)

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Onderwysers moet leerders daarop wys dat die term "humor" 'n omvattende begrip is en nie noodwendig na iets verwys wat lagwekkend is nie.

**QUESTION 5****(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

In hierdie vraag het leerders uiters swak presteer.

**(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Oor die algemeen het die leerders nie baie kennis van taalstrukture en -konvensies nie.

Alhoewel nie een vraag buite die KABV-riglyne val nie, is die moeilikheidsgraad van 'n paar vrae baie hoog. (5.1, 5.2.2, 5.3 – eerste gedeelte, 5.6, 5.7)

Leerders kon nie die afleiding maak dat 'n byvoeglike naamwoord ook met 'n hoofletter gespel kan word (indien dit afgelei is vanaf 'n eienaam) nie. (5.7)

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Onderrig leerders oor die **funksie** van die lydende en bedrywende vorm.

Maak seker dat leerders weet wat 'n **verklarende sin** is: betekenis van woorde moet na vore kom.

Onderrig leerders in die betekenis/toepassing van voegwoorde.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Gebruik die KABV-dokument veral bl.103 tot 106. Onderrig basiese taalkunde in alle grade, maar veral in grade 10 en 11.

Kandidate se gebrek aan basiese taalkennis, 'n leeskultuur en woordeskat dra ongelukkig by tot hierdie powere uitslae. Baie onderwysers spandeer soveel tyd aan voorgeskrewe in graad 12 dat taal dikwels afgeskeep word.